DEEL 112 | WEEK 25 | 25 JUNIE 2021 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# GOEIE GRAANOPBRENGS

Heilbron se somergraanoeste vorder goed in die bemarkingsseisoen van 2021/2022, met veral mielie-oeste wat vinniger afgehandel is as op dieselfde tyd verlede jaar. Weens die goeie en tydige reënval wat ontvang is kon produsente vroeër plant as die vorige drie jaar. Normaalweg begin die optimale plantvenster in Oktober, en dit is wat hierdie seisoen gebeur het vir meeste boere. Die graan het genoeg tyd gehad om volwassenheid te bereik en behoorlik af te droog as gevolg van die droogte vroeër die jaar. Die boerderye in Heilbron omgewing het 103 000 ton graan vir 2020 gelewer by silo's Heilbron, Gottenberg en Hoogte. Tot dusver is daar reeds 85 000 ton graan gelewer wat heelwat minder is as laasjaar, maar die seisoen is nog nie verby nie. Hoewel graan vinniger kon afdroog, het boere weer baie meer gesukkel met graad-probleme op veral geelmielies, en word daar dus baie meer graad-2 mielies ingery teenoor verlede jaar. Die grootste kommoditeit in Heilbron bly maar geelmielies, kort op hul hakke is sojabone en daarna sonneblom. Op mielies is die gemiddelde opbrengste tussen 3.5 – 6.5 ton per hektaar en sojabone en sonneblomme 'n gemiddeld van 2 ton per hektaar. Volgens 'n verklaring uitgereik deur Graan SA is die uitvoer van mielies in Suid-Afrika vir die seisoen ook op goeie tempo. Daar is verwag dat mielie-uitvoer tot einde Julie 1,27 miljoen ton sou beloop. Gedurende die ooreenstemmende tydperk in die vorige vyf jaar het die gemiddelde uitvoer ongeveer 950 000 ton beloop.



















# MAN VAN AMSTERDAM BESOEK RIEMLAND

Michiel van Dam van Zuid-Afrikahuis, 'n kultuursentrum in Amsterdam Nederland, is 'n inligtingspunt oor Suid-Afrika en bied ook kursusse aan oor die Afrikaanse taal. Twin Mosia en Piet Lombard het vir Michiel begelei deur die Riemland en sy belangepunte terwyl hy op die spoor is van Generaal de Wet. Twin en Piet het die Nederlander ontvang by Paradys Lodge wat voorheen deel was van Generaal de Wet se plaas. Daarna is die span na Rooiwalstasie waar genl. De Wet 'n groot oorwinning behaal het en van daar af het hulle gegaan na die Heuningkoppies by Koppies waar 'n veldslag plaasgevind het. Hulle het ook gaan kyk na die Emily Hobhouse monument by die NG Kerk. Hulle laaste stop was by die Vredefortweg konsentrasiekamp en begraafplaas. Twin vertel dat Michiel beplan om ons omgewing weer te besoek in Oktober.




*Op die foto: Charlotte Smalberger, Michiel van Dam, Twin Mosia en Piet Lombard.*

# VERDRYF DIE WINTER SE GRYS



*Op die foto vl: Rodré Germishuys, Gerda Myburgh, Marlize Swart en Laetitia Moolman.*

Die Huis- en Tuinboulede het Woensdag bymekaar gekom met die tema: "Ons probeer die winter se grys verdryf".

Rodré Germishuys en Laetitia Moolman was beide sprekers vir die dag. Rodré is 'n bekende fisioterapeut in Heilbron en het wenke gegee oor hoe om jou postuur te verbeter met maklike, vinnige oefeninge, maar steeds te fokus op asemhaling. Dit is belangrik om te weet jy hoef nie op en af te spring om verbetering in jou gesondheid te maak nie.

Laetitia is 'n opgeleide Refleksioloog en 'n praatjie is aangebied oor Refleksiologie en hoe hande en voete verband hou met senuweepunte om gesondheid en stress te behandel. Sy het dan ook aangesluit by Rodré se asemhalingsoefeninge.

Die vergadering is afgesluit met Marlize Swart wat die dames verskillende maniere gewys het om jou serp te vou. Daarna het elkeen 'n koppie koffie en pannekoek geniet en die dag afgesluit in samesyn.


TELWIEDRE-VOERE

Address Laer Street, Heilbron, 9650
Postal: P.O. Box 294, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 2742 | Fax: 058 852 3700

## VAKANTE POS/VAKATURE DEBITEURE- EN ONTVANGSKLERK

***Telwiedrè Voere beskik oor bogenoemde uitdagende pos vir 'n dinamiese persoon wat oor die volgende eienskappe moet beskik:-***

* Goeie menseverhoudings * Betroubaar, netjies en lojaal
* Onder druk kan werk * Verantwoordelik, deeglik en stiptelik wees
* Aangename persoonlikheid hê * Akkuraat, vriendelik en positiewe gesindheid
* Vinnige, effektiewe diens kan lewer * Kalm kan bly in moeilike situasies.

**VEREISTES:-** Graad 12-sertifikaat en rekenaarvaardig wees. Syfer aangelê wees. Ondervinding in Pastel en Excel. Afrikaanssprekend wees.

**VERANTWOORDELIKHEDE:-** Akkurate verwerking van verkoopsfakture, kontantontvangste van betalings, sowel as effektiewe daaglikse hantering van verkoopsdokumente en balansering daarvan tydens maandeindes en alle ander aspekte wat op die pos betrekking mag hê.

**SLUITINGSDATUM:- Vrydag, 02 Julie 2021 om 8:00**

**BELANGSTELLENDES:-**
Epos u CV/aansoek na admin@telwiedre.co.za

---o0o---

## VACANCY / VACANCY DEBTORS & RECEPTIONIST CLERK

***Telwiedrè Feeds has got the above-mentioned challenging position for a dynamic person who must have the following abilities:-***

* Know how to work with people * Trustworthy, loyal, neat and tidy
* Must be able to work under pressure * Responsible, thorough and punctual
* Pleasant personality * Accurate, friendly and positive attitude * Deliver fast, efficient services * To remain calm in difficult situations.


**REQUIREMENTS:-** Grade 12 certificate & Computer literate
Must be mathematical. Must have experience in Pastel en Excel.
Must be fluent in Afrikaans.

**RESPONSIBILITIES:-** Accurate while processing orders, receiving of cash, handling of daily sales documents, as well as balancing month end documents.

**CLOSING DATE:- Friday, 02 July 2021 at 08:00**


**THOSE INTERESTED:-**
E-Mail your CV/application at admin@telwiedre.co.za


# GROOT BOOM IN LANDBOU VAL



Mnr. Hennie de Lange, voorsitter van die Unigrain en neXgro-groep, het Maandag gesterf op 61 jarige ouderdom. Op 21 Junie 2021 het die landboubederyf een van sy groot geeste verloor weens Covid-19 - verwante oorsake. Hennie is gesien as 'n mentor, visionêr en vriend wat 33 jaar lank 'n enorme rol in die Suid-Afrikaanse landboubedryf getrap het. Hy was ook betrokke by die onlangse oprigting van 'n nuwe graanopbergingsaanleg langs Premier Milling se meule op Kroonstad. Sy visie sal bly voortleef.


OUDHEDE GESOEK




OUDHEDE GESOEK

OUDHEDE GESOEK

OUDHEDE GESOEK

Afrikana, oeroue kombuisware, ou gereedskap veral houtmakers, "tin toys", "enamel signs" miniatuur speelgoed soos Naaldwerkmasjiene, ens. Verskeidenheid te veel om op te noem.



***Welkom om my te kontak of boodskap te laat na 081 288 3186.***


# TEER VOOR JOU DEUR



*Om positief te wees in vandag se omstandighede is nie altyd so maklik nie, maar L&T Boerdery het die voorbeeld gestel toe hulle besluit het om die slaggate by die spoorwegkruising op te vul. Hennie Mouton en sy helper Joseph Mokoena het sowat 100 sakkies teer gebruik om die kruising weer rybaar te maak. Vee eers voor jou eie deur, lui die spreekwoord. Maak daardie slaggate voor jou huis reg, dit gaan 'n verskil maak, want jou plaaslike owerheid gaan dit nie doen nie.*

# ROU RIOOL RAMP

Klagtes vloei in van ongelukkige Heilbronners wat met ontlastingsreuke moet saamleef weens rou riool wat in die Uniefeesdam en spruit inloop. Die probleem kom al lank voor, maar geen daadwerklike pogings word aangewend om dit te stop nie. Inwoner, Riëtte Marx, bly in die omgewing van die spruit en vertel die omstandighede is tans onleefbaar. Sy het hierdie probleem nie net een keer gerapporteer nie, maar vertel sy sukkel met die munisipaliteit sedert Oktober 2020. Na die geval laasjaar plaasgevind het, was dit glo skoongemaak, maar Februarie 2021 het die probleem weer kom oë wys. Nou weer in Junie. Dit is die 15de en 18de gerapporteer, maar daar is nog geen oplossings nie. Dit wil blyk dat inwoners intussen moet aanvaar dat dit is hoe hulle moet leef.





*Op die foto's: Bewys van dreine wat met rou riool oorloop.*

# SUKSESVOLLE ENTINGS

Sedert 7 Junie 2021 word persone van 60 jaar en ouer in Ngwathe teen Covid-19 ingeënt. Soos ontvang van die Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste is daar reeds 70% van die 60 jariges en ouer populasie in Heilbron ingeënt terwyl die mikpunt slegs 67% was. Daar word egter beplan om Heilbron weer te besoek, maar hierdie inligting was teen druktyd nog nie beskikbaar nie. Die inenting wat gegee was, is van Pfizer, wat beteken dat die tweede dosis tussen 21 tot 42 dae toegedien moet word en sal sentrums die 7de Julie besoek word vir die tweede inentings. Die massa-inentings vir onderwysers het Woensdag begin nadat 300 000 dosisse van die Johnson & Johnson-entstof ontvang is, en sal verskeie Heilbron onderwysers ingeënt word die kommende week. Heilbron se bevestigde gevalle staan op 930 soos aangedui op die nuutste getalle ontvang van die Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste op 24 Junie 2021 en is daar in 'n periode van sewe dae, 20 nuwe gevalle in Heilbron bygevoeg. Volg die Heilbron Herald Facebook blad vir meer gereelde opdaterings.



*Op die foto bo van die Heilbronners ouer as 60 jaar by Boitumelong Skoolsaal vir hul inenting.*

# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer van Heilbron.*

VERKIESINGSBELOFTES??

Met die verkiesing wat op hande is, is die politieke partye weer hard aan die werk om stemme te werf en ewe skielik sien jy op sosiale media lede van 'n politieke party wat besig is om self slaggate toe te maak. Ek sal graag foto's wil sien van slaggate wat voorheen deur dieselfde lede reggemaak is.
'n Paar maande gelede het Ngwathe met groot gewag aangekondig dat die parke in die dorp skoongemaak gaan word. Het dit gebeur? Nee.
Die volgende projek wat aangekondig is, is dat onwettige elektrisiteitsaansluitings sou aangespreek word. Natuurlik het beamptes elke wooneenheid en besigheid in Heilbron dorp nagegaan om seker te maak hier is geen onwettige aansluitings nie en dat voorafbetaalde meters wel korrek funksioneer.
Kan die publiek dalk ingelig word waar en hoeveel onwettige aansluitings ontkoppel is en wat daaromtrent gedoen is?
Die DA maak daarop aanspraak dat Ngwathe beplan om meer produktief te wees en minder te mors en die publiek kan selfs voorstelle maak om hiermee te help. Dis edele voornemens.
Ek neem aan dat hierdie voornemens al die dorpe onder Ngwathe beheer insluit. Amptenare kan gerus in Kerkstraat kom kyk hoe lyk produktiwiteit waar een man die straat skoonmaak en skoon hou.
Kan die aksieplanne by voltooiing dan asseblief in die Heilbron Herald geplaas word sodat die inwoners hul plaaslike munisipaliteit daarteen kan meet?
Die vorige berig in die Herald het ook gemeld dat die begroting onder geweldige druk is, hoekom? Omdat 'n groot persentasie van die begroting deur salarisse ingesluk word?
Gee vir die inwoners 'n uiteensetting van die munisipaliteit se personeelstruktuur werksaam in elke afdeling, sodat die publiek ook hierdie beloofde produktiwiteit daarteen kan meet.
Soos die spreekwoord sê: "Put your money where your mouth is".

# HUPPEL-TRIPPEL KLUB SING HEERLIK SAAM



Met hierdie week se Huppel-Trippel-Klub aanbieding Dinsdag was daar omtrent 20 Huppel-Trippelaars wat heerlik saamgesing het met Martie Olivier as begeleier. Hulle het enigiets gesing van Bethlehem Ster tot Sarie Marais en baie liedjies tussen-in. Elza Kriel en 'n klompie susters van NG Kerk Suid-gemeente kom DV 6 Julie die Huppel Trippel-groep vermaak.

Op die foto voor die klavier sit Martie Olivier. Die aksie om te gaan voorlees vir Huis Bron-van-Heil-inwoners wat dit nie meer self kan doen nie, begin ook nou momentum optel. Sodra die winter die lede nie meer binnenshuis vaskeer nie, sal die stappers ook weer hul stapskoene aantrek.



# HEILBRON *Duiwenuus*

Verlede Saterdag se wedvlugte was vanaf Dewetsdorp oor 'n afstand van 281 km. Dit was weer 'n Combine waaraan ± 4 000 duiwe deelgeneem het. Die duiwe het teen 'n redelike sterk noordooste wind gevlieg wat hul spoed na 66 km per uur afgebring het. Die eerste duiwe was hier na 4 ure en 45 minute. Zenith A wen die jaaroud wedvlug en Frik Viviers klok die eerste ou duif.

**DEWETSDORP JAAROUD**

1. Zenith Hokke A
2. OJ's Hokke
3. OJ's Hokke
4. Zenith Hokke A
5. Zenith Hokke A
6. F Viviers
7. Zenith Hokke A
8. Zenith Hokke A
9. OJ's Hokke
10. OJ's Hokke

**DEWETSDORP OPE**

1. F Viviers
2. Zenith Hokke A
3. Crause & Seun
4. Zenith Hokke B
5. Stemmett Hokke
6. OJ's Hokke
7. Zenith Hokke B
8. F Viviers
9. F Viviers
10. Zenith Hokke A

# WEEK VYF-EN-TWINTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

Jare gelede, toe ek nog vir die Onderwysdepartement in die Vrystaat gewerk het, moes ons opleiding aan onderwysers gee oor die KABV (in die volksmond sommer CAPS genoem). Ek en Ilze het planne gemaak hoe om die opleiding interessant te maak, ons het ander idees gebruik en regtig 'n verskil gemaak.

Of so het ons gedink.

Een oggend stap daar 'n vreemde man in ons opleidingslokaal in. Ilze raak so effens bleek, maar ek, totaal onbewus van wie hierdie man is, gaan aan met my deel van die program, kry die samewerking van die onderwysers en geniet elke oomblik.

Na afloop van my sessie roep Vreemde Man my na buite.

"And who are you?" vra knapie my.

Ek gee my naam en van.

"And why are you presenting this orientation?"

Want, um, my ou, ek is deel van hierdie span omdat ek en Ilze dieselfde pos het. En omdat die Onderwysdepartement my daarvoor betaal. Dis deel van my pligte.

"But then you ought to know that this is only an orientation, not a training. You are not supposed to make this orientation material your own. You must follow what is prescribed by Prietoriejah."

(Wat is die verskil tussen orientation en training, wou ek vra, maar ek was bang vir die vlamme wat uit sy oë skiet.)

Ek moet wat doen?

"Prietoriejah makes the decisions." En met dit draai vuurvlamknaap op sy hakke om en daar gaat hy.

Ilze verduidelik aan my dat hierdie persoon die hoof van een of ander afdeling in Bloemfontein is. Ons wonder altwee waarom ons nie nog steeds kan doen wat in die handleiding staan, maar net op ons eie manier nie? Dit is immers vakansietyd, en ons wil die opleiding so lekker moontlik maak omdat die onderwysers nie regtig graag hier wil wees nie.

Nietemin, so het Prietoriejah die mekka van besluitneming geword. Wanneer een van die kursusgangers gevra het hoekom die opleiding ewe skielik so vervelig geword het, het ek en Ilze geantwoord dat dit Pretoriejah se skuld is. Wanneer hulle 'n vraag gehad het wat nie in ons handleiding behandel is nie, het ons gesê dat ons die vraag na Prietoriejah sal eskaleer. Ons weet almal dat die vrae daarna iewers in die gange van Prietoriejah sou verdwyn.

Nietemin, so trek ons ook toe mos Prietoriejah toe. En glo my: hierdie is nie die mekka van alle antwoorde nie.

Wat Prietoriejah hierdie week belangrik maak, is dat 69% van alle nuwe COVID-19 gevalle in Gauteng voorkom, en dat Prietoriejah die brandpunt is.

Ek is op rekord dat ek gesê het dat ek nie vreeslik bang is vir hierdie virus nie. Het ek al van standpunt verander? Nee, nie juis nie. Al bly ons in Prietoriejah.

Ek was steeds hande soos voor hierdie pandemie die wêreld getref het. Ek is nou baie blyer dat dit mode geword het dat mense nie bo-op mekaar moet staan nie, daar is nou goeie rede waarom ek nie mense binne-in my persoonlike spasie hoef toe te laat nie.

Ek sou net graag ingeënt wil word, maar helaas is ek nie eers naby aan 60 nie.

En die anti-vaxxers is op die agtervoet. 'n Magdom redes waarom hulle nie ingeënt wil word nie. Hier is 'n paar daarvan: Die entstof is geneties gemanipuleer want dit bevat mRNA (of bRNS, in Afrikaans). Nee, ou maat, RNA word gebruik om proteïene in jou liggaam te maak en gaan nie jou genetiese kode verander nie. Tensy jy dink jou genepoel het die verandering nodig. (Jy is dalk die swak skakel…)

Of jy meen dat die farmaseutiese maatskappye ons mislei deur die entstof in 'n rekordtyd te vervaardig. Dalk dink jy dat jou swak longe of hart of niere (of swak brein?) nie die entstof sal oorleef nie. Wel, hier is jou keuse: word baie siek van die virus of effens siek van die entstof. Jou keuse, soos reeds gemeld.

En dan is daar nog in ons tyd mense wat regtig glo dat Bill Gates sy micro chip in die inenting sit, en aan iemand in Kazakstan jou bankbesonderhede gaan stuur sodat hulle, met Bill-sonder-sy-vrou se samewerking, jou geldjies kan steel en jou in die nag laat visioene en gesigte sien.

Ons lag lekker hieroor, want, as oom Bill se plan werk, gaan ons mos nou nie meer selfone nodig hê nie.

Een oggend by die werk vertel 'n sekretaresse my dat sy die vorige dag die inenting gekry het. (Om dit net in perspektief te stel: sy is 'n sprekende voorbeeld van die Petrusbeginsel. Volgens hierdie beginsel vorder elke individu tot op sy of haar eie vlak van onbevoegdheid.)

Sy is baie opgewonde, want ewe skielik het haar selfoon 'n baie beter sein as 24 uur gelede. Daardie inenting werk soos 'n bom!

Ek vertel hierdie staaltjie vir 'n skoolvriend wat in Australië bly. Hy grinnik en vertel dat hulle buurvrou ook 'n inenting gekry het. Sy vertel agterna dat sy 'n magneet teen haar arm gehou het, en daar kleef die magneet aan haar arm. So wrintiewaar.

Jip, vir sommiges is daar byvoordele aan die inenting. Vir andere gaan dit oor gesondheid.

Ek laat weet my familie op ons WhatsApp-groepie dat ouma (amper 85) haar inenting gekry het.

Boetie Johan reageer: Het sy nou 5G op haar foon?

Kleinseun Jaco laat weet: Iemand moet vir ouma verduidelik dat die drie-kortes-en-'n-lange in haar brein 'n stemoproep is en die drie-langes-en-'n-korte 'n video-oproep is.

Sommiges sal een of ander tydskrif se advertensie donkiejare gelede onthou. Nataniel het met sy kenmerkende draalstem kortliks vertel watter interessante artikels die tydskrif het, en aan die einde sê hy: "Koop net die blêrrie tydskrif!"

Daarmee wil ek volstaan: As jy kan, kry net die blêrrie inenting sodat ons kan aangaan met ons lewe.


Want wragtag, ek haat steeds my masker. En ek vergeet nog steeds om die ding aan te sit.


Al doen die meeste mense in Prietoriejah dit.

# PANEEL 10



*Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy*







*Paneel 10.*

# KERKENBERG

■ **Quarta Pretorius**

Hier word die Voortrekkerleier, Piet Retief, se dogter Debora uitgebeeld waar sy haar vader se naam en datum, 12 November 1837, op 'n rotswand verf. Dit was by Kerkenberg naby die latere Harrismith. Die handskrif op die paneel is 'n getroue weergawe van die oorspronklike by Kerkenberg.

Op hierdie paneel beeld die beeldhouer ook vier Voortrekkerkinders met hulle speelgoed uit. Terwyl 'n hond en 'n dogtertjie met 'n tuisgemaakte lappop op haar skoot belangstellend toekyk, is 'n seuntjie met sy dolosse en kakebeenwa besig. Die kakebeen is waarskynlik die onderkaak van 'n skaap, die dolosse die beentjies uit skape se hoewe. Moerdijk se dogter Irma, wat self 'n argitek geword het, het as model vir Retief se dogter gedien en sy ander dogter Sylva, was die model vir die staande meisie aan die linkerkant.

Beeldhouer: Laurika Postma.

Twee jaar gelede het ek en Liddi Subke Kerkenberg besoek. Die geskrif van Debore Retief is nog duidelik sigbaar. Dit word tans agter glas bewaar.



*Quarta Pretorius en Liddi Subke besoek Kerkenberg.*

# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS


In the Estate of the **LATE MAGRIETA ALBERTHA VOSLOO, Identity Number: 300619 0016 083,** in life unmarried, residing at Huis Bron-van-Heil, district Heilbron, Province Free State, who died on 25 March 2021, **ESTATE NUMBER: 47732/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 14h June 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER ST 27789/2009** passed by **CAROLINA FREDERIKA POTGIETER** in favour of **CAROLINA FREDERIKA ROCHAT** in respect of certain
A Unit consisting of -
**(a)** Section Number 5 as shown and more fully described on Sectional Plan Number SS 121/1993, in the scheme known as SUNNINGDALE in respect of the land and building or buildings situate at BLOEMFONTEIN, MANGAUNG LOCAL MUNICIPALITY, of which section the floor area, according to the said Sectional Plan, is 91 (NINETY ONE) square metres in extent; and
**(b)** an undivided share in the common property in the scheme apportioned to the said section in accordance with the participation quota as endorsed on the said sectional plan.
which has been lost or destroyed.
All interested presons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at HEILBRON this 23rd day of JUNE 2021.
**APPLICANT: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS: 40 KERK STREET, HEILBRON 9650**
**E-MAIL: aktesa@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**

# DIE RUS INGEGAAN



† Ons groet vir oom Hans/Hansie na 'n kort siekbed. In liefdevolle herinnering aan **Hans André Britz** oorlede op 11 Junie 2021 in die ouderdom van 68. Die roudiens gaan plaasvind op Sondag, 4 Julie om 10:00 by die Ou Apostoliese Kerk, Sesdestraat, Heilbron. Hy laat sy moeder, eggenote, seun en gesin, drie kleinkinders, familie en vriende agter.

† In liefdevolle herinnering aan **Anna Sophia Broodryk (Spangenberg)** oorlede op 16 Junie 2021.
Gebore 19 Oktober 1925. Saggies is sy kom haal in haar slaap op die ouderdom van 95.
"*Ons dank ons Hemelse Vader dat Hy ouma so lank vir ons gespaar het. Sy was die anker en middelpunt van ons lewe. Sy was 'n bron van liefde en omgee. Saam met haar het ons geleer om te bid en te speel.*
*Moenie sê sy is dood nie, want nou lewe sy eers werklik. Sy voel nuut in die Hemelse stad, maar nie vreemd nie, want dit is die Tuiste waarna sy verlang het. Sy sal gemis word deur haar kinders, kleinkinders, agterkleinkinders, familie en vriende*."



Sy was 'n geliefde inwoner vir die afgelope 10 jaar by Huis Bron-van-Heil. Die diens is Maandag 21 Junie waargeneem by Huis Bron-van-Heil deur Ds. H. Van Vuuren.


**SKOOLTERMYNE**

| OPEN | SLUIT |
|---|---|
| 26 Julie 2021 | 1 Oktober 2021 |
| 11 Oktober 2021 | 15 Desember 2021 |




Opsoek na ou byekaste om te koop
083 488 1640
Jarred

## JAARBEPLANNER

**JULIE 2021**
23 Jul. - AP Kerk (Verkopings)
30 Jul. - NG Kerk Suid (Verkopings)
30 & 31 Jul. Boeretreat Classic (Vrydagaand-vermaak: Fatman - maksimum 250 persone)
**AUGUSTUS 2021**
6 , 13 & 20 Aug. - NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. - NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)
**SEPTEMBER 2021**
23 Sept. - AP Kerk (Verkopings)
**OKTOBER 2021**
1 Okt. - NG Kerk Suid (Verkopings)
29 Okt. - AP Kerk (Verkopings)
**NOVEMBER 2021**
26 & 27 Nov. - NG Kerk Suid - (Gholfdag & Kersmark)






# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller DRAAIWERKE
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK


**BAAL VAN SOJA-/MIELIERESTE**
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

**BLOEDSKENK DATUMS**




**27 Julie**
**28 September**
**23 November**

# TE KOOP

**VOER TE KOOP**
**Skakel**
**083 688 8256**
K0746

**BLESBOKKE OM TE JAG**
10km buite Heilbron, R1 700 elk.
Akkommodasie ook beskikbaar.
***Skakel my gerus***
***082 344 2086***
*K0747*

# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
**• Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
**• John Watson** john@heilbron.co.za
**• Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
**• Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
**• Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
**• Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
**• Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
**• Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
**• Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



**Winkelure**
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
Elsstraat 44 Heilbron
Tel: 058 852 3033







Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.



***Kontak Jackie Wessels***
***072 936 5925***

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***



Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Individual & Family
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za

HERALD Sport

# RYDERBEKER NOU IN OKTOBER

Dit is net vir 'n branderplankryer vir wie'n golf goeie nuus is. Met die uitbreek van die derde Covid-19 golf het die organiseerders in samewerking met die borg BASF besluit om vanjaar se Ryderbeker kompetisie tussen Heilbron en Frankfort uit te skuif tot in Oktober. Verlede jaar moes die jaarlikse kragmeting afgestel word.

Die Bokkedag wat vandag in aanvang neem het ook maar 'n knou weg met getal besmetting wat toegeneem het, maar vir die wat speel sal streng Covid protokol gevolg word. Die karkasse hang aan die hakke en konstante gholf kan vir jou vleis op die rak sit.

Leonard Strydom wen verlede Saterdag se vleisdag met 38 punte, maar moes hy en sy dubbelmaat Niklaas van der Walt, wat derde was met 37 punte, die knie buig teen John Watson en Julyan Bruyns in 'n dubbel putjiespel uitspeelwedstryd. In 'n ander uitspeelwedstryd speel Gerrie Muller en Eben Stander gelyk teen Willie Pretorius en Johan Nelson.

Vir die wat 'n lekker steak-ete vir Saterdag wil bestel teen R75, kan gerus vir Suzilda kontak by 076 672 0444 om 'n bestelling te plaas.



*Verlede week se wenners vl: Zacharia Moholo (35 punte), Leonard Strydom (38 punte), Christiaan Muller (37 punte) en Niklaas van der Walt (37 punte).*

**JAARPROGRAM : 2021**
**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |







Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Silma Petzer,*
Kantoorure 058 852 3033.




the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND



Available at this clinic:
- Bonitas
- Discovery Vitality
- Fedhealth
- GEMS (DSP)
- Health Squared
- Medshield
- Medihelp
- Multiply
- Polmed (DSP)
- and many more

Ask your Pharmacist for more info.
Get your Health Risk Assessment done now!
063 721 4950 T 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron








## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 28 JUNIE 2021**

ARLINGTON Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**DINSDAG - 29 JUNIE 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Nieuwenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Pieter Venter 060 678 3876

HEILBRON: HILLTOP SAVM STOET
7de Produksieveiling
11:00, Heilbron gholfklub
Kontak Piet Boshoff 083 210 7135

**WOENSDAG - 30 JUNIE 2021**

MEMEL Maandelikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

**DONDERDAG - 1 JULIE 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**VRYDAG - 2 JULIE 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB louwid

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**



**AVBOB-LEDE ONTVANG GRATIS BEGRAFNISVOORDELE* VAN AVBOB BEGRAFNISDIENS WAT DIE VOLGENDE INSLUIT:**

Begrafnis ter waarde van **R12 000**
**R2 500** vooraf
**GRATIS** vervoer van die oorledene in Suid-Afrika

Kontak die volgende tak vir **meer inligting:**

**HEILBRON:** (058) 852 1300
Heilstraat 54A, Heilbron

Jy kry dit **ALLES** *bo en behalwe* jou volledige polisuitbetaling.
Dis alles 100% **GRATIS*** vir **AVBOB**-lede.

A MEMBER OF THE ASSOCIATION FOR SAVINGS & INVESTMENT SA

Bepalings en voorwaardes geld. Gratis begrafnisvoordele is slegs van toepassing indien **AVBOB** Begrafnisdiens die begrafnis onderneem. **AVBOB** is 'n gemagtigde finansiëlediensteverskaffer. **AVBOB** is 'n vlak 2 SEB-bydraer. FDV 20656. Besoek **www.AVBOB.co.za**

AVB-HEH-210506

AVBOB ONDERLINGE GENOOTSKAP